MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

23 March 2010 (2)

Zuma het bloed aan die hande
"Die regering is duidelik nou deur anargie gekaap," sê ds. Theuns Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) is reaksie op Julius Malema se voortgesette sing van 'n liedjie wat vra dat boere geskiet moet word.

"Nie alleen weier die ANC en pres. Jacob Zuma halsstarrig om Malema tot orde te roep nie, die plaasmoorde duur voort en dit wil voorkom of dit eskaleer na Malema die eerste keer die liedjie onlangs gesing het."

Botha, wat ook die waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA) is, sê hiermee word baie na aan die kondonering van volksmoord gekom. Voor die liedjie was die moordkoers onder boere, aldus Interpol, reeds meer as 300 per 100 000 per jaar. Die land se moordkoers is bykans tien keer laer, maar steeds agt keer hoër as die wêreldgemiddeld.

"Wat die CDA betref, kom Zuma met bloed aan die hande na die tafel wanneer hy verskillende belangegroepe ontmoet, en ons sal die standpunt bly dat Zuma die land na die donker eeue terugsleep solank Malema vrye teuels het, en animistiese gebruike ten koste van Christelike gebruike verdring word, onder die dekmantel dat Christelike gebruike westerse imperialisme verteenwoordig."

Zuma has blood on his hands
"The government has now clearly been hijacked by anarchy," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) in reaction to Julius Malema's continued singing of a song urging farmers to be shot.

"Not only do the ANC and Pres. Jacob Zuma refuse to call Malema to order, but farm murders are continuing and even seem to be escalating since Malema recently started singing the song.

Botha, who is also the acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA) says with this, matters have come perilously close to condoning genocide. Even before the song was sung, Interpol calculated the murder rate of farmers to being more than 300 per 100 000 per annum, almost ten times higher than the country's average murder rate, which is 8 times higher than the world average.

"As far as the CDP is concerned, Zuma has blood on his hands as he meets with interest groups. The CDP therefore affirms its stance, that as long as Malema is allowed to continue unhindered, and as long as animistic practices replace Christianity under the pretext that the latter is the religion of Western imperialism, Zuma is dragging the country back into the dark ages."